## *VOORGESKREWE GEDIGTE – AFRIKAANS*
## *GRAAD RR & R*

**EKKE**

Ek het twee arms aan my lyf
en met my een hand kan ek skryf.
My kop is heel bo – vas aan my nek
En met my tong kan ek roomys lek.
My oë kan ek rek en rek
en my gesig kan ek baie lelik trek.
Met my mondjie soen ek vir Ma
en met my vingers kielie ek vir Pa.

**Bernie Visser Uit:**
**Rinkel-Kinkel Southern Boekuitgewers**

**STROOPSOET**

'Boetie wat het jy in die spens kom soek?
En waarom is jou hare so gekoek?'
Ma vra sommer al twee vrae tegelyk
Terwyl sy Boetie op en af bekyk.

Boetie sluk nog aan die stroop en sê bedees:
'Ma sê altyd ek moet stroopsoet wees.
Daarom het ek hier na stroop kom soek,
En daarom is my hare so gekoek!'

**Beatrix Viviers**